

Die dogtertjie van Jairus word uit die dood opgewek

112 Terwyl Ek nog met die leerlinge oor die vrou praat, kom enkele van die personeel van die owerste byna uitasem op ons afgehardloop, en dra aan die owerste die treurige nuus oor dat sy dogter gesterf het.

[2] **Die owerste** word baie hartseer en sê aan My: "Liewe Meester, moenie verder moeite doen nie, want dit is nou, en dit is uiters hartseer, te laat om my liefste dogter, wat alles vir my beteken het, te help!"

[3] Met hierdie woorde begin hy hardop huil, want hy was baie lief vir sy twaalfjarige dogter, `n baie mooi geboude en welgeskape meisie met die liggaam van `n twintigjarige, en die enigste kind van die owerste.

[4] Nadat Ek dit eers van sy personeel, en toe van homself gehoor het, en Ek van ganser harte medelye met die diepbedroefde owerste het, sê **Ek** aan hom: "Vriend, moenie bang wees nie, glo net! Jou dogter het nie gesterf nie, sy het net aan die slaap geraak - Ek sal haar wakker maak!"

[5] Ná hierdie gerusstelling van My, haal die owerste verlig asem.

[6] Ongeveer `n duisend treë vanaf die huis van die owerste, sê Ek aan sowel die mense as die leerlinge, wat nog `n enigsins swak geloof gehad het dat hulle hier moes wag en dat slegs Petrus, Jakobus en sy broer, en Johannes saam mag gaan, **want op hulle geloof kon mens al huise bou.**

[7] Vervolgens gaan Ek saam met die hoof van die skool die huis binne, waar daar `n groot rumoer is en, volgens Judese gebruik, geweeklaag en geweend word en klaagliedere gesing word.

[8] Toe Ek die kamer binnekom waar die gestorwene op `n mooi opgemaakte bed lê, sê **Ek** aan die baie lawaaimakers: "Hoekom maak julle so baie lawaai en huil-skree so ontsettend? Die dogtertjie is immers nie dood nie, sy slaap maar net!"

[9] Nou lag **hulle** My uit, en sê: "Ja, so sien slapende mense daar uit! Dink U dat dit slaap is as daar al vir drie en `n half uur geen polsslag is nie, en die liggaam koud en kleurloos geword het en die oë gebreek het? Ja, Ja, dit is miskien `n slaap, maar uit hierdie slaap ontwaak geen mens weer nie, behalwe op die Laaste Dag!"

[10] **Ek** sê aan die owerste: "**Stuur hulle almal na buite**, want hulle **ongeloof** kan Ek hier nie gebruik nie." Die owerste doen dit, maar die herrie-op-skoppers luister nie na hom nie en hy vra My om hom te help. **Toe dryf Ek hulle almal met geweld**

na buite en hulle hardloop ylings na alle kante toe weg.

[11] Daarna gaan **Ek** saam met die owerste, die bedroefde moeder en die vier leerlinge weer die kamer binne waar die gestorwe dogtertjie lê, loop reg op haar bed af, gryp haar aan haar linkerhand en sê vir haar: "**Talitha kumi!**" **wat beteken: 'Meisie, ek sê vir jou, staan op!'**

[12] En onmiddellik sit die meisie regop, spring vrolik en opgewek van die pragtige bed af, loop oudergewoonte op haar lewendige manier reg rondom die kamer en gaan streel dan haar huilende moeder en haar vader! Nou kom die vrolike meisie agter dat haar maag leeg is dat sy honger is en iets wil eet.

[13] Die uiters blye ouers wend hulle tot My en vra onder trane van vreugde en dankbaarheid of, en wat hulle hulle dogter te ete moet gee. **Ek** sê: "Waarvan sy ookal hou en wat ookal byderhand is - gee haar in elk geval net iets om te eet!"

[14] In `n skottel lê vye en dadels, en die dogtertjie vra of sy die vrugte mag eet. **Ek** sê: "Eet maar wat vir jou lekker is. Jy is nou heeltemal gesond en jy sal voortaan nooit weer siek word nie!"

[15] Die meisie storm op die skottel af en eet dit amper leeg. Die ouers is bekommerd dat dit sleg vir haar kan wees.

[16] **Ek** stel hulle gerus en sê aan hulle: "Moenie bekommerd wees nie; as Ek sê dat dit haar nie meer skade kan doen nie, dan sal dit haar ook nooit weer skade doen nie!" Toe is die ouers oortuig.

[17] Nadat **die meisie** genoeg geëet en haar lofsang uitgespreek het, gaan sy na haar ouers en vra hulle saggies wie Ek dan nou is. Want, terwyl sy op haar bed geslaap het, sien sy die Hemele geopen en `n groot aantal skynende engele. "**En te midde van die engel staan `n baie vriendelike man** na my en kyk, loop op my af, gryp my aan die hand, en sê: 'Talitha kumi!' en na sy oproep was ek dadelik wakker! En kyk, die Man daar lyk net soos die een wat ek vroeër in die droom tussen so baie engele sien staan het! Ag, dit moet `n baie liewe man wees!"

[18] Die owerste verstaan die vraag van sy dogter maar al te goed; maar omdat Ek hom `n teken gee, sê hy slegs aan haar dat sy `n mooi en ware droom gehad het wat hy binnekort volledig vir haar sou uitlê. Hierdie antwoord is vir die dogtertjie voldoende.

[19] Ek sê toe aan die owerste dat hy nou met sy dogter, haar moeder en Ek na buite moet gaan sodat diegene wat buite wag, beskaamd sou word vanweë hulle ongeloof. Ons gaan na buite. Toe die ongelowiges die dogtertjie sien, wat goed daar

uitsien en opgewek na hulle toe kom en hulle vra waarom hulle so verbyster en geskok rondstaan, raak **hulle** nog meer van stryk af en sê: "Hierdie wonder is die grootste van al die wonders! Die meisie was regtig dood, en nou leef sy!" Hulle wil dit dadelik in die hele omgewing bekendmaak.

[20] Maar Ek waarsku hulle dringend om dit nie te doen nie en gebied hulle om hierdie saak, ter wille van hulle eie liggaamlike sowel as geestelike verlossing, vir hulleself te hou. Hulle swyg, en gaan weg.

Die wese van die Johannes- en die Matthéüs- evangelie

113

Skrywer Matthéüs, wat my op 'n klein afstand volg om te sien wat daar gebeur en om dit daarna op te skrywe, kom nou ook by My staan en vra My of hy hierdie gebeurtenis moet opskrywe.

[2] Maar **Ek** sê: "Doen dit nie, sodat mense later nie die gebeurtenisse verwissel nie! Want oormôre gaan ons weer na die meer en daar sal presies so 'n gebeurtenis plaasvind wat jy dan heeltemal moet opskrywe! Vanaf môre kan jy trouens al begin om die buitengewone op te skrywe wat daar gaan gebeur!"

[3] Matthéüs weet nou wat hy moet doen; maar ook Johannes vra, omdat die gebeure vir hom so buitengewoon voorkom, of hy, al was dit maar met enkele woorde, ook aantekeninge mag maak van hierdie daad.

[4] En **Ek** sê aan hom: "Dit kan jy wel doen, maar nie direk by dit wat jy tot nou toe opgeskryf het nie, maar effens verderaan; want binne 'n halfjaar kry ons weer 'n keer so 'n geskiedenis, en dan kan jy óf die een óf die ander een opskrywe!"

[5] Dit is glad nie so belangrik of die een teken of die ander, wat baie ooreenkom met 'n vroeëre teken, opgeskryf word nie, omdat dit by die latere navolgers van My leer maklik verwarring in die hand kan werk en uit sodanige verwisselings vervolgens allerlei getob en twyfel kan ontstaan, **wat dan die hóófsaak, wat immers slegs uit My leer bestaan**, veel meer skade kan doen as baat.

[6] Solank Ek en julle en diegene wat elkeen vir homself kan getuig van die volle waarheid van die baie tekens, nog op hierdie aarde lewe, word al die twyfel maklik voorkom; maar in latere tye as, ter wille van die vryheid van die menslike wil, slegs die geskrewe oor My moet getuig, **dan moet die geskrewe suiwer en goed georden wees**, anders skaad dit meer as wat dit baat."

[7] **Johannes** sê: "Liewe Meester! Wat U nou sê, is sekerlik volkome waar; maar sou dit juis daarom nie beter wees as ek alles wat U doen en leer presies sou opskrywe soos broer Matthéüs nie?"

[8] Want as die mense dan later ons geskrifte met mekaar vergelyk, en by my dalk nie sal vind wat wel in dié van Matthéüs staan, sal hulle dan nie begin te wonder en aan die egtheid van die hele evangelie begin twyfel nie en sê: 'Was daar dan nie één JaHshua gewees nie, wat dieselfde geleer en ook sekerlik dieselfde gedoen het nie? Waarom skryf Matthéüs dit en Johannes dát, dit lyk nie na dieselfde ding nie en tog moes albei altyd aan Sy sy gewees het?' Ek dink dat as ek sake ietwat anders opskryf as Matthéüs, daardie oordeel van diegene wat ná ons kom, onder die genoemde omstandighede nie uit kan bly nie."

[9] **Ek** sê: "Jy het heeltemal gelyk, liewe broer; maar weet dat die redes waarom Ek dit so laat doen, jy nou nog nie kan begryp nie, maar later sal dit vir jou wel duidelik word.

[10] **Wat Matthéüs skryf, het slegs vir hierdie aarde 'n besondere waarde, maar wat jy skryf, geld vir die hele ewige oneindigheid!** Want alles wat jy skryf, bevat veskuild die suiwer goddelike werk **van ewigheid tot ewigheid** deur al die reeds bestaande skeppinge en ook deur dié, wat in toekomstige ewighede in die plek gaan kom van die nou bestaande. En ook al sou jy in baie duisende boeke skrywe dit wat Ek aan jou en julle almal daarvoor nog sal onthul, **dan sou die wêreld daardie boeke onmoontlik nie kon verstaan nie** en aan sulke boeke sou die wêreld daarom niks hê nie.

Johannes 21:25 *En daar is nog baie ander dinge wat JaHWèshua alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boekrolle nie bevat (eintlik nie kon begryp nie) nie. Amen.*

[11] Maar wie volgens die oorgelewerde leer **leef**, en **glo in die Seun**, dié word sekerlik in die gees wedergebore **en die Gees sal hom tot in al die dieptes van die ewige waarheid lei**.

[12] Nou weet jy die redes waarom Ek jou nie alles laat opskrywe nie; vra dit My daarom voortaan nooit weer nie. Want dit mag nooit te duidelik aan die wêreld gesê word nie, sodat sy nie in 'n nog swaarder oordeel verval as die ou noodsaaklike oordeel waarin sy nou alreeds verkeer nie.

[13] Ek wil My leer egter só gee dat niemand slegs maar deur die evangelie te lees of te hoor die lewende waarheid kan deurgrond nie, maar dit slegs kan bereik **deur volgens My leer te handel**. Slegs deur daarvolgens te handel, sal My lig in elke mens steeds helderder begin skyn!" (*sien Johannes. 7:17*)

Johannes 7:17 *As iemand gewillig is om SY wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit die Hemelse VADER is, en of Ek uit Myself spreek.*